

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

ED VAN TELEVISIE OP
AFRIKAANSSPREKENDE
BLANKE ADOLESSENTE

VERVALDATUM / DATE DUE

1985 -07- 3
03 MAR 1987

MALL, B.A. (Hons.)

MUNIKASIENAVORSING
DR. P.C.J. JORDAAN



182572182F

PRETORIA
1979

0000200104



2844363866



NAVORSINGSBEVINDINGNOMMER: KOMM-N-23

ISBN 0 86965 645 7

001.3072068 HSRC KOMM N 23



* 0 2 8 7 0 1 *

Kopiereg voorbehou

Prys: R1,40

RGN	SRC
1980-03-20	
STANDBODE 001.3072068 HSRC KONM N 23	HOMMER
DETALJHOMMER	045753
G.	/

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwyshoofde wat aanvanklik toestemming gegee het dat die projek geloods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die verskillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondentte opgetree het; en

lede van die ad hoc-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam was, naamlik:

Dr. J.D. Venter (Voorsitter)	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Prof. T.L. de Koning	Randse Afrikaanse Universiteit
Dr. I.Z. Engelbrecht	Departement van Nasionale Opvoeding
Prof. D. Joubert	Universiteit van Stellenbosch
Mnr. P.W. Mans	Natalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz	Transvaalse Onderwysdepartement
Mnr. B. Olivier	Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop
Mnr. D.J.L. Pretorius	SAUK
Mnr. F. Swanepoel	OVS-Onderwysdepartement
Mnr. G. Yssel	SAUK
Dr. D.P. Conradie	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. P.C.J. Jordaan	Instituut vir Kommunikasienavorsing
Dr. C.R. Liebenberg	Instituut vir Opvoedkundige Navorsing
Mev. E.M. Madge	Instituut vir Psigometriese Navorsing
Dr. W.L. Roos	Instituut vir Mannekragnavorsing
Mnr. A.R. van den Berg	Instituut vir Psigometriese Navorsing

Die statistiese verwerking vir die ondersoek is gedoen deur die RGN se Instituut vir Statistiese Navorsing, en die redaksionele werk deur die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste.

INHOUDSOPGawe

BLADSY

1	INLEIDING	1
2	DOEL MET DIE ONDERSOEK	1
3	METODE VAN ONDERSOEK	2
3.1	DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLEGROEP	2
3.2	DIE MEETINSTRUMENTE	3
3.3	DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP	8
4	BEVINDINGS	10
4.1	INLEIDING	10
4.2	DIE EFFEKK VAN TELEVISIE OP DIE MENINGS VAN SEUNS OP DIE VIER VELDE VAN DIE MENINGSSOPNAMEVRAELYS	11
4.3	DIE EFFEKK VAN TELEVISIE OP DIE MENINGS VAN MEISIES OP DIE VIER VELDE VAN DIE MENINGSSOPNAMEVRAELYS	16
5	SAMEVATTING EN SLOT	18
6	BIBLIOGRAFIE	22

TABELLE

BLADSY

1	GEMIDDELDE TELLINGS VAN SEUNS OP ELKE VELD VAN DIE MENINGSOOPNAMEVRAELYS	16
2	GEMIDDELDE TELLINGS VAN MEISIES OP ELKE VELD VAN DIE MENINGSOOPNAMEVRAELYS	17

1 INLEIDING

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bepaal. Die omvattende projek spruit uit die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en van die Tegniese Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word na die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en die invloed wat televisie daarop kan hê.

Die projek strek oor 'n termyn van agt jaar, naamlik van 1974 tot 1981 en word uitgevoer op leerlinge van standerd 3 tot 10. Van die standerd 3- en standerd 6-leerlinge wat by die eerste opname (1974) ingesluit was, word jaarliks opgevolg tot hulle standerd 10 bereik het. Hiernaas is vir kontrole-doeleindes 'n aantal leerlinge van standerd 3 tot standerd 10 in 1974, 1975 en 1977 in die ondersoek betrek.

Die gegewens word deur middel van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ingewin en 'n verskeidenheid aspekte soos persoonlikheid, verhoudinge (persoonlik, sosiaal, huislik en formeel), studiegewoontes, sosiale gedrag, tydbenutting en menings, word bestudeer. Weens die omvang van die gegewens wat ten opsigte van elk van hierdie aspekte ingewin is, word daar vir die doelesindes van hierdie navorsingsbevinding slegs op die menings van adolessente ten opsigte van godsdienssin, gesinsverhoudinge, gesag en toekomsgerigtheid gekonsentreer.

2 DOEL MET DIE ONDERSOEK

Die doel met hierdie ondersoek is om die moontlike invloed van televisie gedurende die eerste jaar van uitsending op die menings van Afrikaanssprekende adolessente vas te stel. Die effek van televisie is bepaal op die menings soos gemitteer deur die vier velde van die Meningsopnamevraelys, naamlik Godsdienssin, Gesinsverhoudinge; Gesag en Toekomsgerigtheid.

Die gemiddelde tellings van Afrikaanssprekende seuns en meisies wat aan televisie blootgestel was, is afsonderlik vergelyk met die gemiddelde tellings van diogene wat nie aan televisie blootgestel was nie, om sodanige die korttermyn-invloed van televisie te bepaal.

3 METODE VAN ONDERSOEK

3.1 DIE EKSPÉRIMENTELE EN KONTROLEGROEP

Die gegewens wat gebruik word, is gedurende 1974 en 1976 in omvattende ondersoeke ingesamel. Die steekproef is op 'n nasionale grondslag getrek uit die populasie van Blanke skoolgaande standerd ses-leerlinge in die provinsiale skole van die vier provinsies in die RSA. Die nodige syfers ten opsigte van die Blanke skoolbevolking is in 1973 op versoek van die Instituut vir Kommunikasienvorsing van die RGN amptelik deur die vier onderwysdepartemente verskaf.

Met behulp van hierdie gegewens is die steekproef volgens geslag, stedelike/nie-stedelike gebiede, provinsie en taal-medium gestratifiseer. Daar is verder gebruik gemaak van 'n ewekansige verdeling van die leerlinge by elk van die 40 sekondêre skole wat op ewekansige wyse in die steekproef ingesluit is. Sodoende is 'n totaal van 4 491 standerd 6-leerlinge gedurende 1974 in die steekproef ingesluit. Dieselfde leerlinge is in 'n opvolgstudie in 1976, dus na televisie ingestel is, weer betrek.

Slegs Afrikaanssprekende leerlinge (huistaal en medium van onderrig) vir wie daar volledige data op die Meningsopname-vraelys beskikbaar was, is vir die doel van hierdie ondersoek betrek. Leerlinge wat in koshuise en kinderhuise gewoon het, is uitgeskakel, aangesien hul televisiegebruik moontlik in groot mate deur reëls en regulasies bepaal word.

Die eksperimentele groep is gevorm uit TV-kykers wat tuis vir langer as drie maande oor 'n televisiestel beskik. Hulle moes ook gedurende die week en oor naweke televisie kyk. Dit het uit 343 seuns en 321 meisies bestaan.

Die kontrolegroep is gevorm uit toetslinge wat stel dat hulle nooit gedurende die week of naweke televisie kyk nie en dat hulle ook nie oor 'n televisiestel tuis beskik nie. Dit het uit 72 seuns en 102 meisies bestaan.

Die "kuierkykers" wat elders televisie gekyk het, word vir die doeleindes van hierdie ondersoek buite rekening gelaat.

3.2 DIE MEETINSTRUMENTE

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding gebruik is, is verkry uit die gegewens wat met die Biografiese, Televisie- en Meningsopnamevraelys ingewin is.

3.2.1 Die volgende items in die Televisievraelys is gebruik om die eksperimentele en kontrolegroeppe saam te stel:

- Item 4: Hoeveel televisiestelle is daar in julle huis?
- Item 7: Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik televisie? (Maandae tot Donderdae gedurende skoolkwartale).
- Item 8: Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik oor naweke televisie? (Vrydae tot Sondae gedurende skoolkwartale).
- Item 17: Hoe lank het julle gesin al 'n televisiestel in die huis?

3.2.2 Ten einde Afrikaanssprekende seuns en meisies te isoleer is die volgende items van die Biografiese vraelys gebruik:

- Item 11: In watter taal ontvang jy onderrig in die skool?
- Item 14: Watter taal praat jy die meeste by die huis?
- Item 13: Ek is 'n seun/meisie.

3.2.3 Om koshuis- en kinderhuisleerlinge uit te skakel, is die volgende item van die Biografiese vraelys gebruik:

- Item 19: In watter soort woning bly jy gedurende skoolkwartale?

3.2.4 Wat die Meningsopnamevraelys betref is daar eerstens 'n eksploratiewe faktoriële ontleding en 'n betroubaarheidsondersoek op die meetinstrument uitgevoer (Peens, 1977).

Die faktoriële ontleding is volgens die hooffaktormetode gedoen waardeur die kwadraat van die meervoudige korrelasie van een veranderlike met al die ander veranderlikes verkry is om die communaliteit van die veranderlike te skat. Daarna is die Scree-metode van Cattell gebruik om die aantal faktore te bepaal en die faktorpatroon is geïnterpreteer deur 'n ortogonale rotasie volgens die Varimax-metode. Hierna het die faktorontleding vier velde opgelwer, naamlik "Godsdienssin", "Gesinsverhoudinge", "Gesag" en "Toekomsgerigtheid" met eie-waarde groter as 1,00. Daar is arbitrêr besluit om 'n faktor-lading groter as 0,26 te gebruik vir die identifisering van faktore. Vier en dertig items het 'n communaliteit van laer as 0,175 en kan dus nie in een van die velde opgeneem word nie. Die ses en dertig items wat wel deur dié velde opgeneem kon word, word onder die volgende paragraaf gelys met hul ladings en die gewigte wat aan die response toegeken is. Waar 'n negatiewe vraag gestel word ('n vraag waarop die nee-antwoord die positiewe antwoord is), is die lading negatief (Peens, 1977, pp. 2-8).

Die betroubaarheidsondersoek is volgens die toets-hertoets-en interne homogeniteitsmetodes gedoen.

Die betroubaarheidskoëfisiënte vir standerd 8-leerlinge op elke veld vir die toets-hertoets-betroubaarheidstudie was soos volg:

Veld A : Godsdienssin - 0,99

Veld B : Gesinsverhoudinge - 0,92

Veld C : Gesag - 0,84

Veld D : Toekomsgerigtheid - 0,98 (Peens, 1977, p. 11).

Om die interne homogeniteit van elke veld te bepaal, is daar 'n itemontleding op elk van die vier velde van die vraelys

gedoen, sowel as die betroubaarheidskoëffisiënte verkry. Die Kuder-Richardson-20-formule is op die 1974-gegewens van standerd 6- tot 10-leerlinge toegepas. Hierdie ondersoek het twee velde met hoë betrouwbaarheidskoëffisiënte opgelewer, naamlik Godsdienssin 0,910 en Gesag 0,795 (Peens, 1977, pp. 11-12). Die diskriminasiewaardes wat vir elke item verkry is, was ook hoog en het aangedui dat die items in 'n relatief hoë mate in die betrokke veld diskrimineer. Die ander twee velde het relatief lae betrouwbaarheidskoëffisiënte gehad, naamlik gesinsverhoudinge 0,294, en toekomsgerigtheid, 0,384, (Peens, 1977, p.12). Hierdie relatiewe lae betrouwbaarheidskoëffisiënte kan toegeskryf word aan die feit dat die aantal items in die betrokke velde min was. Daar is ses en agt items, onderskeidelik by velde B en C. Die diskriminasiewaarde van elke item in die betrokke veld was egter hoog (Peens, 1977, pp. 8-14).

Die gebruik van hierdie meetinstrument se vier velde word dus met vertroue geïmplementeer om menings by adolesente in stads 6 en 8 te meet.

- 3.2.5 Daardie items wat gebruik sal word uit die Meningsopnamevraelys wat betrekking het op die vier velde wat ondersoek gaan word, hul ladings en die gewigte, wat aan positiewe, negatiewe, en onsekere response toegeken sal word, is die volgende:

Die vier velde van die Meningsopnamevraelys

Veld A Godsdienssin

- 1. Dink jy dit is altyd nodig om by etes te bid? +
- 2. Dink jy dat jy elke dag jou Bybel moet lees? +
- 3. Is dit vir jou nodig om God te vra om jou met jou probleme te help? +
- 4. Dink jy dit is nodig dat jy gereeld kerk toe gaan? +
- 5. Dink jy, jy kan suksesvol wees in die lewe sonder die hulp van God? -

6. Dink jy, jy behoort elke aand te bid? +
7. Dink jy, jy moet aan 'n kerk behoort? +
8. Dink jy dit is nodig om iets vir die kerk of sending te gee? +
9. Dink jy dit is nodig om gedurende skoolvakansies kerk toe te gaan? +
10. Behoort bioskope op Sondae net soos op ander dae oop te wees? -
11. Hinder dit jou as jy iemand hoor vloek? +
12. Glo jy aan die hemel en die hel? +
13. Behoort sport op Sondae net soos op ander dae beoefen te word? -
14. Glo jy dat daar 'n lewe na die dood is? +
15. Dink jy die Bybelse skeppingsverhaal is waar? +
16. Dink jy die gebed het werklik krag om dinge te verander? +

Veld B Gesinsverhoudinge

1. Behoort ouers hul kinders saam te neem as hulle vir vriende gaan kuier? +
2. Behoort kinders mekaar te verklik by hul ouers? +
3. Sou jy meer broers en susters wou gehad het? +
4. Verstaan ouers vandaag hul kinders? +
5. Raas jou ouers te veel met jou? +
6. Is dit nodig dat ouers hul kinders beperk ten opsigte van die aantal naskoolse aktiwiteite waaraan hulle deelneem? +
7. Behoort 'n hoërskoolkind alles wat hy doen met sy ouers te bespreek? +

Veld C Gesag

1. Behoort kinders toegelaat te word om te maak soos wat hulle wil? -
2. Behoort kinders op skool 'n pak slae te kry? +
3. Is dit nodig dat 'n gesin saam vakansie gaan hou? +
4. Behoort 'n kind so lank as wat hy wil na die radio te luister? -
5. Behoort bioskope op Sondae net soos op ander dae oop te wees? -

6. Hinder dit jou as jy iemand hoor vloek? +
7. Is dit mooi as al die kinders op skool skooldrag dra? +
8. Behoort kinders toegelaat te word om te lees net wat hulle wil? -
9. Behoort kinders toegelaat te word om na enige rolprent wat hulle wil, te gaan kyk? -
10. Behoort sport op Sondae net soos op ander dae beoefen te word? -
11. Is dit nodig dat jou ouers altyd weet waar jy jou vrye tyd deurbring? +
12. Raas jou ouers te veel met jou? -

Veld D Toekomsgerigtheid

1. Behoort kinders 'n groter aandeel te hê aan gesinsbesprekings? +
2. Behoort kinders 'n Bantoetaal op skool te leer? +
3. Is dit nodig dat 'n kind gereeld koerant lees? +
4. Is dit goed om ideale te hê, selfs al is hulle moeilik bereikbaar? +
5. Behoort vaders meer tyd te maak om met hul kinders deur te bring? +
6. Behoort 'n mens nou op te offer ter wille van die bereiking van 'n doel vir die toekoms? +

Toekenning van gewigte

Vir +:

<u>Itemtelling</u>	<u>Itemrespons</u>
2	1 of A
1	3 of C, 4 of D en
0	2 of B

Vir -:

<u>Itemtelling</u>	<u>Itemrespons</u>
0	1 of A
1	3 of C, 4 of D en
2	2 of B

Itemresponse A of 1 = Ja

Itemresponse C of 3 = Ek kan nie besluit nie

Itemresponse B of 2 = Nee

Itemresponse D of 4 = Ek weet niks hiervan nie

3.3 DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP

Soos reeds uit die voorgaande beskrywing afgelei kan word, is daar in hierdie ondersoek van 'n toets-hertoets onwerp met een kontrolegroep gebruik gemaak.

Die eksperimentele (TV-kykers) en kontrolegroep (Nie-TV-kykers) seuns en meisies vir 1976 is eers geïsoleer. Daarna is die leerlinge van die vier groepe in 1974 ook geïdentifiseer. Die navorsingsontwerp sien skematisies soos volg daaruit:

FIGUUR I

EKSPERIMENTELE ONTWERP : TOETS-HERTOETS MET KONTROLE

Eksperimentele groep (1974)	Kode 1 Velde A-D SEUNS	Kontrolegroep (1974)	Kode 2 Velde A-D SEUNS
	\bar{X}_{1A-D}		\bar{X}_{2A-D}
(voor instelling van televisie)	Kode 3 Velde A-D MEISIES	(voor instelling van televisie)	Kode 4 Velde A-D MEISIES
	\bar{X}_{3A-D}		\bar{X}_{4A-D}

Instelling van televisie

Eksperimentele groep (1976)	Kode 1 Velde A-D SEUNS	Kontrolegroep (1976)	Kode 2 Velde A-D SEUNS
	\bar{Y}_{1A-D}		\bar{Y}_{2A-D}
(na instelling van televisie)	Kode 3 Velde A-D MEISIES	(na instelling van televisie)	Kode 4 Velde A-D MEISIES
	\bar{Y}_{3A-D}		\bar{Y}_{4A-D}

Die groepe is gekodeer soos aangedui in kodes 1 - 4 en Velde A-D.

Toetstellings vir 1974 en 1976 op elk van die vier velde in die Meningsopnamevraelys is soos volg verkry:

		SEUNS		MEISIES	
		Eksperimentale groep	Kontrolegroep	Eksperimentale groep	Kontrolegroep
Veld A:					
(Godsdienssin)	1974 (voor TV)	\bar{X}_{1A}	\bar{X}_{2A}	\bar{X}_{3A}	\bar{X}_{4A}
	1976 (na TV)	\bar{Y}_{1A}	\bar{Y}_{2A}	\bar{Y}_{3A}	\bar{Y}_{4A}
Veld B:					
(Gesinsverhoudinge)	1974 (voor TV)	\bar{X}_{1B}	\bar{X}_{2B}	\bar{X}_{3B}	\bar{X}_{4B}
	1976 (na TV)	\bar{Y}_{1B}	\bar{Y}_{2B}	\bar{Y}_{3B}	\bar{Y}_{4B}
Veld C:					
(Gesag)	1974 (voor TV)	\bar{X}_{1C}	\bar{X}_{2C}	\bar{X}_{3C}	\bar{X}_{4C}
	1976 (na TV)	\bar{Y}_{1C}	\bar{Y}_{2C}	\bar{Y}_{3C}	\bar{Y}_{4C}
Veld D:					
(Toekomsgerigtheid)	1974 (voor TV)	\bar{X}_{1D}	\bar{X}_{2D}	\bar{X}_{3D}	\bar{X}_{4D}
	1976 (na TV)	\bar{Y}_{1D}	\bar{Y}_{2D}	\bar{Y}_{3D}	\bar{Y}_{4D}

Aangesien daar vanweë sekere faktore buite eksperimentele beheer verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroepes voor die instelling van televisie (dit wil sê in 1974) voorgekom het, is daar van kovariansie-ontleding gebruik gemaak om by elke veld van die Meningsopnamevraelys die tellings van die eksperimentele en kontrolegroepes in 1976 te korrigeer ten opsigte van die ooreenstemmende tellings in 1974. Ten opsigte van die seuns word die korreksies soos volg aangebring:

\bar{Y}_{1A-D} en \bar{Y}_{2A-D} word gekorrigeer ten opsigte van \bar{X}_{1A-D} en \bar{X}_{2A-D} . Dieselfde prosedure word gevvolg ten opsigte van die meisies, naamlik \bar{Y}_{3A-D} en \bar{Y}_{4A-D} word gekorrigeer ten opsigte van \bar{X}_{3A-D} en \bar{X}_{4A-D} . Die gekorrigeerde tellings van die eksperimentele en kontrolegroepes word dan ondersoek vir betekenisvolle verskille deur middel van 'n F-toets. Slegs verskille wat betekenisvol is op die 5%-vlak en beter, word vir die doel van hierdie navorsingsbevinding as statisties betekenisvolle verskille aanvaar en sal dus beskou word as verskille wat teweeggebring is as gevolg van die blootstelling van die toetslinge aan televisie.

4.1 INLEIDING

In die voorgaande afdeling is beskryf hoe die tellings op die meetinstrumente vir al die toetslinge voor en na televisieblootstelling verkry is. Hoe hoër die gemiddelde telling, hoe positiever is die gemiddelde mening; en hoe laer die gemiddelde telling hoe negatiever is die gemiddelde mening. Daar is ook gestel dat die statistiese tegniek van kovariansieontleding gebruik is om die 1976-tellings (of natelevisietellings) te korrigaat.

Variansieontleding is gebruik om by wyse van F-waardes statisties betekenisvolle verskille tussen die gekorrigeerde natelevisietellings op te spoor. Die verskille in die gekorrigeerde natelevisietellings tussen die eksperimentele en kontrolegroep kan redelikerwys aanvaar word as die effek van televisie op die eksperimentele groepe.

Tabelle 1 en 2 verskaf inligting met betrekking tot die oorspronklike en gekorrigeerde gemiddeldes en die F-waardes verkry van die variansieontleding. Die bevindinge met betrekking tot seuns en meisies word in aparte tabelle weergegee.

In tabelle 1 en 2 verskyn daar ook vir sowel die eksperimentele as die kontrolegroepe t-waardes wat die beduidende verskille tussen die 1974-gemiddeldes (voor TV) en die ongekorrigeerde 1976-gemiddeldes (na TV) ten opsigte van elke veld aantoon.

Dit is gedoen om vas te stel of daar statisties betekenisvolle verskuiwings in die gemiddelde tellings van die toetslinge op enige van die velde van die Meningsopnamevraelys van 1974 (toe hulle in standerd 6 was) tot 1976 (toe hulle in standerd 8 was) voorgekom het. Hierdie berekenings is gedoen om by elke veld meer inligting te verkry wat as agtergrond kan dien vir die interpretasie van die F-waardes.

4.2 DIE EFFEKT VAN TELEVISIE OP DIE MENINGS VAN SEUNS OP DIE VIER VELDE VAN DIE MENINGSOPTNAMEVRAELYS

Uit tabel 1 blyk dat televisie 'n statisties betekenisvolle effek op die menings van die seuns op twee velde, naamlik veld B (Gesinsverhoudinge) en veld C (Gesag) gehad het.

By veld C blyk dat die seuns wat aan televisie blootgestel was 'n hoër gekorrigeerde gemiddelde telling verkry het as die seuns wat nie aan televisie blootgestel was nie en by veld B word die teenoorgestelde waargeneem.

By nadere ondersoek van die voor- en na-televisie-gemiddeldes (1974 en 1976); die t-waardes in tabel 1 en die bovenoemde statisties betekenisvolle verskille kan die volgende bykomende afleidings ten opsigte van elke veld gemaak word:

- 4.2.1 By Veld A (Godsdienssin) het daar geen statisties betekenisvolle verskuiwings in die gemiddelde tellings van sowel die eksperimentele as die kontrolegroep van 1974 tot 1976 voorgekom nie. Die gekorrigeerde 1976-gemiddeldes van die seuns wat aan televisie blootgestel was en die seuns wat nie aan televisie blootgestel was nie, verskil ook nie statisties betekenisvol nie (tabel 1).

Die menings wat die seuns ten opsigte van Godsdienssin huldig, het dus waarskynlik van 1974 tot 1976 relatief konstant gebly.

- 4.2.2 By Veld B (Gesinsverhoudinge) wil dit voorkom of daar 'n statisties betekenisvolle daling voorgekom het in die gemiddelde tellings van die eksperimentele en kontrolegroep van 1974 tot 1976. Die seuns het in 1976 gemiddeld negatiewer menings gehuldig ten opsigte van Gesinsverhoudinge as in 1974 (tabel 1).

Daar het ook 'n statisties betekenisvolle verskil tussen die eksperimentele en kontrolegroep se gekorrigeerde 1976-gemiddeldes voorgekom. Die eksperimentele groep seuns se gekorrigeerde 1976-gemiddeld was laer as die kontrolegroep se

gekorrigeerde 1976-gemiddeld (tabel 1). Hiervolgens blyk dat televisie moontlik 'n effens versnelende invloed op hierdie daling van gemiddelde tellings gehad het.

Die daling in die gemiddelde tellings wat moontlik op toenemende losmaking van die gesin dui (kyk vrae in paragraaf 3.2.5), strook met ontwikkelingsteoretici se beskrywings van adolessensie. Hurlock (1968, p. 396) beskryf, onder andere adolessensie as "the time when the individual, sheltered and protected throughout childhood, ^h breaks the cocoon and reaches the border of the unknown external world". Die adolescent moet tot sekere mate te noue gesinsbande begin losmaak om die nodige onafhanklikheid vir die volwasse stadium te ontwikkel.

Erikson (1959, pp. 217-219 en 1963, pp. 1-21) wys ook daarop dat adolessensie 'n periode is wanneer die individu sy reeds aangeleerde rolle met prototipes in sy wêreld vergelyk.

Die verskynsel portuurgroepvorming kom voor sodat die individu ego-identiteit kan ontwikkel wat die vertroue is "that one's ability to maintain inner sameness and continuity (one's ego in the psychological sense) is matched by the sameness and continuity of one's meaning for others" (1959, p. 216). Portuurgroepvorming impliseer noodwendig 'n losmaking van die gesin en moontlik negatiewer menings ten opsigte van Gesinsverhoudinge.

- 4.2.3 Die seuns was in albei groepe in 1976 negatiewer ingestel ten opsigte van gesag as tydens die 1974-opname. Daar was dus statisties betekenisvolle dalings in die gemiddelde tellings wat hierdie veld betref, maar dit lyk asof televisie waarskynlik 'n beperkende invloed op hierdie daling by die eksperimentele groep gehad het. Die invloed van televisie was dus positief.

Die daling in die gemiddelde tellings of negatiewer menings ten opsigte van gesag mag verband hou met die bevindinge ten opsigte van gesinsverhoudinge waar bevind is dat seuns ook 'n negatiewer mening daarteenoor huldig (paragraaf 4.2.2). Dit strook waarskynlik ook met ontwikkelingsteoretici se beskrywing van die adolessente stadium. Die adolessent moet tot sekere mate noue bande met die gesin begin losmaak om die nodige onafhanklikheid vir die volwasse stadium te ontwikkel. Hierdie progressie na onafhanklikheid gaan waarskynlik ook saam met die tendens om negatiewer menings ten opsigte van gesag te huldig: "The adolescent is made angry when he is teased, ridiculed, criticized, or 'lectured', when he feels that he or his friends are unfairly treated or punished by parents and teachers, when privileges he considers fair are refused, when he is 'treated like a child', when people impose upon him, or when people are bossy and sarcastic" (Hurllock, 1968, p. 402). Die adolessent wil in sy begeerte om onafhanklik te wees nie geblokkeer wees deur ouers, onderwysers of ander in gesagsposisies nie.

Televisie het egter waarskynlik 'n beperkende invloed op hierdie daling in gemiddelde tellings gehad. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die adolessente via televisie heelwat situasies sien waar volwassenes wel die norme van gesag handhaaf of hulle ondergeskik stel aan die norme van gesag. Daar word ook dikwels uitgebeeld wat die gevolge van verontagsaming van gesag is. Dit kan moontlik as model vir die adolessent dien wat kan mee help om hom positiever in te stel ten opsigte van die hele aangeleentheid van gesag en die gehoorsaming van gesagsnorme op 'n volwasse wyse.

TABEL 1

GEMIDDELDE TELLINGS VAN SEUNS OP ELKE VELD VAN DIE MENINGSOOPNAMEVRAELEYS VOOR EN NA DIE INSTELLING VAN
TELEVISIE

Velde		Gemiddeldes		t-waardes		F-waardes GV = 1/412
		Eksperiment=tele groep n = 343	Kontrolegroep n = 72	Eksperiment=tele groep	Kontrolegroep	
Veld A	Voor TV	28,802	28,694			
Godsdienssin	Na TV	29,026	29,750	0,872	1,885	2,637
	Na TV (gekorrigieerd)	29,012	29,818			
Veld B	Voor TV	5,423	6,306			
Gesinsver= houdinge	Na TV	4,108	5,000	7,110**	2,723**	4,096*
	Na TV (gekorrigieerd)	4,152	4,790			
Veld C	Voor TV	8,577	8,694			
Gesag	Na TV	7,758	6,042	2,833**	4,454**	11,287**
	Na TV (gekorrigieerd)	7,773	5,974			
Veld D	Voor TV	8,254	8,375			
Toekomsgerigt= heid	Na TV	9,332	9,500	6,637**	5,564**	0,212
	Na TV (gekorrigieerd)	9,339	9,468			

* p < 0,05

** p < 0,01

Televisie se modelleringseffekte word deur Noble (1975, p. 218) geëksplorieer. Hy kom tot die gevolgtrekking "that television's important function is to show viewers how to behave in a variety of different situations. In other words television provides very necessary social learning ..." veral in geïndustrialiseerde gemeenskappe waar gesinne geïsoleerd is. Al die noodsaaklike identifikasiemodelle is nie binne 'n gesin verteenwoordig nie en die kind kom nie in aanraking met 'n verskeidenheid individue soos binne 'n plattelandse gemeenskap nie. Televisie verskaf waarskynlik hierdie ontbrekende modelle vir sosialisering.

4.2.4 Volgens tabel 1 verskil die gekorrigeerde 1976-gemiddeldes tussen die eksperimentele en kontrolegroepes op Veld D (Toekomsgerigtheid) nie statisties betekenisvol nie. Daar kan dus aanvaar word dat televisie waarskynlik nie 'n korttermyneffek op die menings van die seuns ten opsigte van toekomsgerigtheid gehad het nie.

Daar was wel statisties betekenisvolle stygings in die gemiddelde tellings op hierdie veld by beide die eksperimentele en kontrolegroepes. Die seuns het dus in 1976 gemiddeld positiever menings ten opsigte van Toekomsgerigtheid gehuldig as in 1974.

Hierdie bevinding strook ook met die ontwikkelingskonsep-tualisasie wat so ver as raamwerk gebruik is. Dit mag moontlik wees dat die seuns, wat in 1976 ouer is, ernstiger oorwegings aan die toekoms gee. Hurlock (1968, p. 424) meld veral beroepsbelangstelling: "When girls and boys reach the high school age, they begin to think seriously about their futures and the kind of vocation they want to make their lifework". Positiever menings ten opsigte van Toekomsgerigtheid mag aanduidings verskaf van hierdie ernstiger oorweginge aan die toekoms.

4.3 DIE EFFEK VAN TELEVISIE OP DIE MENINGS VAN MEISIES OP DIE VIER VELDE VAN DIE MENINGSSOPNAMEVRAELYS

By nadere ondersoek van tabel 2 blyk dat televisie waarskynlik 'n statisties betekenisvolle effek op die menings van die meisies by twee velde gehad het, naamlik veld A (Godsdienssin) en veld C (Gesag). Dit blyk dat daardie meisies wat aan televisie blootgestel was in 1976 by veld A laer gekorrigeerde gemiddelde tellings verkry het as die meisies wat nie aan televisie blootgestel was nie, terwyl die teenoorgestelde by veld C voorkom.

By nadere inspeksie van die voor- en natelevisiegemiddeldes (1974 en 1976); die t-waardes in tabel 2; en bogenoemde betekenisvolle verskille kan die volgende bykomende afleidings ten opsigte van elke veld gemaak word:

- 4.3.1 Gemiddeldes by veld A (Godsdienssin) toon statisties betekenisvolle stygings oor die tydperk by beide die eksperimentele en kontrolegroepes meisies. Die meisies het dus in 1976 gemiddeld positiever menings ten opsigte van godsdienssin gehuldig as in 1974 (tabel 2).

Dit is egter waarskynlik dat televisie 'n remmende invloed op hierdie styging in die gemiddeldes uitgeoefen het, omdat die gekorrigeerde 1976-gemiddeld van televisiekykers statisties betekenisvol laer is as die gekorrigeerde 1976-gemiddeld van die nie-televisiekykers (tabel 2).

- 4.3.2 By die meisies by veld B (Gesinsverhoudinge) was daar nie 'n statisties betekenisvolle verskil tussen die gekorrigeerde 1976-gemiddeldes nie. Dit blyk dus of televisie waarskynlik nie 'n effek op die meisies se menings ten opsigte van gesinsverhoudinge gehad het nie (tabel 2).

- 4.3.3 By beide die groepe (veld C - Gesag) was daar statisties betekenisvolle daling in die gemiddelde tellings. Dit blyk dat meisies in 1976 negatiever teenoor gesag ingestel was as in 1974.

TABEL 2

GEMIDDELDE TELLINGS VAN MEISIES OP ELKE VELD VAN DIE MENINGSOOPNAMEVRAELEYS VOOR EN NA DIE INSTELLING
VAN TELEVISIE

Veld	Veld	Gemiddeldes		t-waardes		F-waardes GV = 1/420
		Eksperimentale groep n = 321	Kontrolegroep n = 102	Eksperimentale groep	Kontrolegroep	
Veld A	Voor TV	28,511	28,569			
Godsdienssin:	Na TV	29,579	30,471	4,284**	2,186*	5,740*
	Na TV (gekorrigeerd)	29,587	30,446			
Veld B	Voor TV	5,548	5,333			
Gesinsver= houdinge	Na TV	4,629	5,010	4,693**	0,916	2,812
	Na TV (gekorrigeerd)	4,608	5,076			
Veld C	Voor TV	8,498	7,765			
Gesag	Na TV	6,508	4,735	7,091**	7,616**	9,386**
	Na TV (gekorrigeerd)	6,418	5,020			
Veld D	Voor TV	8,246	8,373			
Toekomsgerigt= heid	Na TV	9,720	9,373	9,570**	3,686**	3,044
	Na TV (gekorrigeerd)	9,727	9,352			

* p < 0,05

** p < 0,01

Hierdie bevinding mag moontlik op dieselfde wyse verklaar word as by die seuns (kyk paragraaf 4.2.3). Adolesensie word deur ontwikkelingsteoretici as 'n stadium beskou waar toenemende losmaking van die gesin, groepsvorming en onafhanklikwording plaasvind. Dit mag bydra tot 'n negatiewer ingesteldheid ten opsigte van gesao.

Die meisies wat aan televisie blootgestel was, se gekorrigeerde gemiddelde telling was groter as dié van die meisies wat nie aan televisie blootgestel was nie. Dit blyk dus dat televisie moontlik 'n remmende effek op hierdie daling in gemiddelde telling by die eksperimentele groep gehad het.

Die invloed was dus ook, soos by die seuns, positief en dieselfde verklaring wat by die seuns aangebied word (kyk paragraaf 4.2.3) kan hier ook van toepassing wees.

4.3.4 By veld D (Toekomsgerigtheid) het daar net soos by die seuns 'n statisties betekenisvolle styging in die gemiddelde tellings van die meisies voorgekom. Die eksperimentele en kontrole-groepe het in 1976 positiewer menings ten opsigte van toekomsgerigtheid gehuldig as tydens die 1974-opname. Dieselfde moontlike verklaring as wat by die seuns voorgestel is, mag hier ook van toepassing wees (kyk paragraaf 4.2.4). Adolesente begin tydens die stadium van adolesensie moontlik die toekoms met meer erns bejeën en daarom die positiewer ingesteldheid in 1976 as in 1974.

Dit wil voorkom of televisie op hierdie styging in gemiddelde telling nie 'n statisties betekenisvolle effek gehad het nie.

5. SAMEVATTING EN SLOT

Die doel met hierdie ondersoek was om die moontlike korttermyninvloed van televisie op menings van Afrikaanssprekende adolesente te bepaal aan die hand van hul response ten opsigte van elkeen van die volgende vier velde van die Menings-

opnamevraelys: Godsdienssin, Gesinsverhoudinge, Gesag en Toekomsgerigtheid. Hoe hoër die gemiddelde telling, hoe positiever is hul menings ten opsigte van elk van die betrokke veldes wat deur die vraelys gemeet word.

Die totale steekproef ($N=831$) is in 'n eksperimentele (televisiekykers) en 'n kontrolegroep (nie-televisiekykers) verdeel. Hierdie groepe is weer in geslagsgroepe, naamlik seuns en meisies verdeel. Leerlinge wat in koshuise en kinderhuise gewoon het, asook kuierkykers, dit wil sê leerlinge wat nie tuis oor 'n televisiestel beskik het nie, maar wel elders gekyk het, is nie by die ondersoek betrek nie.

Die gegewens is hoofsaaklik op tweeërlei wyse verwerk en aangebied:

- Om vas te stel of daar statisties betekenisvolle verskuiwings in die gemiddelde tellings van leerlinge op elke veld van die Meningsopnamevraelys van 1974 (toe hulle in standerd 6 was) tot 1976 (toe hulle in standerd 8 was) voorgekom het, is van t-toetse gebruik gemaak. Daar is ten opsigte van elke veld by sowel die eksperimentele as die kontrolegroepes vastgestel of daar statisties betekenisvolle verskille tussen die 1974-gemiddeldes (voor TV) en die ongekorriggeerde 1976-gemiddeldes (na TV) voorgekom het.
- Om die moontlike effek van televisie te bepaal is die gemiddelde voor- en natelevisietellings van die eksperimentele en kontrolegroepes deur middel van variansie- en kovariansieontleding ondersoek. Om die verskille in tellings op die onderskeie veldes wat voor die instelling van televisie tussen die eksperimentele en kontrolegroepes voorgekom het te neutraliseer, is die natelevisietellings van die betrokke groepes deur middel van kovariansieontleding ten opsigte van die ooreenstemmende voortelevisietellings gekorriggeer. Die gekorriggeerde natelevisiestellings van die eksperimentele en kontrolegroepes is deur middel van F-toetse vir betekenisvolheid van verskille ondersoek.

Die resultate dui op die volgende:

• Veld A (Godsdienssin):

Die meisies het in 1976 (toe hulle in standerd 8 was) positiever menings oor Godsdienssin gehuldig as in 1974 (toe hulle in standerd 6 was), terwyl die menings van die seuns oor hierdie tydperk relatief konstant gebly het. In die geval van die meisies was die gekorrigeerde gemiddelde natelevisietelling van die eksperimentele groep effens kleiner as dié van die kontrolegroep, wat daarop dui dat televisie moontlik 'n remmende invloed gehad het op die styging in gemiddelde telling wat van 1974 tot 1976 voorgekom het.

• Veld B (Gesinsverhoudinge):

Wat gesinsverhoudinge betref, is bevind dat die gemiddelde menings van die seuns in die eksperimentele sowel as dié in die kontrolegroep in 1976 negatiever was as in 1974. Dit wil egter voorkom of televisie 'n geringe versnellende effek gehad het op die daling in die gekorrigeerde gemiddelde telling van seuns in die eksperimentele groep. Wat die meisies betref, wil dit voorkom of televisie op die kort termyn nie 'n effek gehad het op hul menings oor gesinsverhoudinge nie.

• Veld C (Gesag):

Die gemiddelde tellings van die seuns en meisies toon 'n daling van 1974 na 1976 wat daarop dui dat die seuns en meisies in 1976 negatiever teenoor gesag ingestel was as in 1974. Die gekorrigeerde natelevisietellings van beide die seuns en meisies van die kontrolegroep was kleiner as dié van die eksperimentele groep. Televisie het dus die daling in gemiddelde tellings effens gestuit.

• Veld D (Toekomsgerigtheid):

Die seuns en meisies was in 1976 positiever ingestel teenoor toekomsverwagtinge as in 1974. Televisie het waarskynlik in hierdie verband nie 'n invloed op hul menings gehad nie.

Alhoewel die verskuiwings in die gemiddelde tellings waarna hierbo verwys is statisties betekenisvol is, is hierdie verskuiwings oor die algemeen relatief gering. Met die verdere opvolgstudies wat tans onderneem word, mag daar miskien in 'n latere stadium tot groter klaarheid gekom word oor die effek van televisie op die menings van adolessente.



1. ERIKSON, E.H. Growth and crisis of the healthy personality.
In: KLUCKHOHN, C., MURRAY, H.A. and SCHNEIDER, D.M. eds.
Personality in nature, society and culture. New York, Knopf, 1959.

2. ERIKSON, E.H. Youth: Change and challenge. New York, Basic Books, 1963.

3. HIMMELWEIT, H.T., OPPENHEIM, A.N. en VINCE, P. Television and the child. London, Oxford University Press, 1958.

4. HURLOCK, ELIZABETH, B. Developmental Psychology. New York, McGraw-Hill, 1968.

5. NOBLE, G. Children in front of the small screen. London, Constable and Company Ltd., 1975.

6. PEENS, RIANA. 'n Eksploratiewe faktoriale en betroubaarheids-ondersoek van die meningsopnamevraelys vir die skoolgaande jeug. Navorsingsbevindingnr. KOMM-N-7. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977.